

# SELFMOORD IS SONDE

deur Tony Alamo

’n Jong vrou het haar ma gesmeek om by ons kerk te woon, want sy het die Here so lief gehad en sy was baie lief vir die kerk. Sy was dertien jaar oud. Haar broer het in daardie stadium al vir ongeveer agt jaar by die kerk gewoon. Sy het in die somer by hom kom kuier. Haar ouer broer se naam was Ed Mick. Hy was een van die grootste dwelmsmokers in Hollywood, Kalifornië, voordat ek en Sue hom vir die Here gewen het.

Eendag het Ed ’n telefoonoproep van ’n hospitaal ontvang, want sy ma het na bewering sy pa waansinnig gemaak en toe skiet hy homself in die kop. Hy het selfmoord gepleeg. Die verpleegster het oor die telefoon gesê: “Jou pa is oorlede.”

Die ma het ook geweier dat haar dogter by ons kerk woon, en selfs nadat ons die dogter gewaarsku het oor selfmoord, het sy haarself geskiet. Sy het haarself om die lewe gebring omdat sy baie depressief was terwyl sy by haar ma in Glytheville, Arkansas gebly het. Sy is nie onmiddellik dood nie. Sy is in ’n hospitaal in Memphis opgeneem, en ek en Sue het gereël dat haar broer, Ed, haar kon sien voor sy gesterf het. Ek en Sue het uit Nashville na die hospitaal gery. Hulle wou ons egter nie by haar toelaat nie omdat ons nie naasbestaandes is nie. Hulle het egter haar broer laat ingaan. Hy het ons vertel dat die trane oor haar wange geloop het. Sy het skielik regop gesit

met ’n groot glimlag op haar gesig en haar hande in die lug gesteek. Toe sak sy terug op die bed en sterf.

Hierdie jong vrou het selfmoord gepleeg omdat haar ma haar nie wou toelaat om die Here te dien nie. In ’n geval soos hierdie is die Here vanselfsprekend vergewensgesind teenoor haar en het Hy haar in die Hemel toegelaat. Anders sou sy nie daardie glimlag op haar gesig gehad het toe die Here haar kom haal het nie. Dit is egter met die meeste mense wat selfmoord pleeg, nie die geval nie. Die jong vrou het duidelik berou gehad, anders sou die trane nie oor haar wange geloop het nie. Haar broer het met haar begin praat, maar die Here het hom ernstig teruggehou. Die Here het haar vanselfsprekend vertel van die aaklige ding wat sy gedoen het. Sy het ’n moordenaar geword — haar eie moordenaar. Ons behoort nie aan onself nie. Jesus het ons gekoop met Sy bloed! Wanneer Jesus iets besit, is dit Syne, en jy het nie die reg om dit te vat of te vermoor nie.

’n Paar jaar later het haar broer, Ed, ook selfmoord gepleeg. Die bose gees van selfmoord het verwoed in daardie gesin



*Ed Mick (links) en pastoor Tony Alamo (Augustus 1969). Ed het selfmoord gepleeg. Volgens pastoor Alamo was Ed soos ’n seun vir hom en Sue, maar hy het egbreuk gepleeg en begin steel. Pastoor Alamo glo dat hy depressief en versteurd geraak het, want hy het weggedryf van die Here af. Hy was aanvanklik so ’n goeie seun; maar dit wys mens net dat Christene ook van die Here kan afdwaal.*

geloop. Hulle het die ma blameer, maar elkeen wat selfmoord pleeg, sal veroordeel word vir wat hulle gedoen het.<sup>2</sup>

Hebreërs 9:26-28 lui: “Dan sou Christus immers dikwels moes gelyk het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die eeue verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem. ’n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.”

*(Vervolg op bladsy 2)*

## SELFMOORD IS SONDE

(Vervolg vanaf bladsy 1)

Ed se pa was 'n polisieman in Blytheville, Arkansas, slegs 'n paar ure van Nashville, Tennessee af. Sy geval en Ed se geval was baie anders as die jong vrou se geval. Ed het die Here verlaat. Hy was 'n dief en 'n egbreker. Hy het waarskynlik uit wanhoop selfmoord gepleeg. Dit was moontlik ook die geval met die pa, as gevolg van sy vrou.

In 1964 het die Here my geroep na hierdie bediening om vir die wêreld te vertel dat Jesus binnekort gaan terugkom aarde toe. In 1964 het ek geweet dat dinge nie reg is nie, maar ek het nooit gehoor dat iemand preek dat Jesus Christus weer terugkom aarde toe nie.

Ná my bonatuurlike ervaring met God, het God vir my en Susie op 'n bonatuurlike manier bymekaar gebring. Ons het die aarde bestook met daardie boodskap tot so 'n mate dat dit gelyk het of almal glo Jesus, die Here, kom weer terug aarde toe. Dit is die eindtyd, en dit lyk of die hele wêreld dit weet! Die wêreld is vol wanhoop, want ons leef in die tye wat Jesus gesê het is “die begin van die smarte” (Matteus 24:8). Dit is net voor die groot beproewing waarvan daar in Matteus 24 en Openbaring gepraat word.

Baie mense pleeg deesdae selfmoord. Dit is 'n epidemie. Mense glo dat hulle moeilike tye beleef en baie van ons belêf moeilike tye. Baie mense glo dat daar geen toekoms hier op aarde is nie omdat die aarde verdoem is en gaan brand.<sup>3</sup>

2 Petrus 3:10-12 lui: “Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die Hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die elemente brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan. Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die Hemel deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en wegsmelt.”

<sup>3</sup> Jes. 24:17-23, Sef. 1:14-18, 3:8, Mal. 4:1, Matt. 24, 2 Pet. 3:7, 10-12

Daar is miljoene mense in die wêreld wat onder groot verdrukking van die elemente van boosheid en duisternis ly. Hulle leef in wanhoop. Hulle bid om te kan sterf. Baie pleeg selfmoord en baie ander oorweeg dit waarskynlik om selfmoord te pleeg, maar die Woord van God, die Christus, sê vir ons dat Hy gesterf het en Sy bloed vir ons gestort het.<sup>4</sup> Sy bloed is die prys waarmee Hy ons gekoop het. Twyfel jy, soos miljoene ander, hieraan? As die Hel nie so sleg is nie, waarom sou God as 'n mens na die aarde toe gekom het, 'n perfekte lewe sonder sonde geleef het, die wreedste van alle dode vir ons gesterf het, sodat as ons in Hom glo, ons nie Hel toe hoef te gaan nie?<sup>5</sup> Christus het Hel toe gegaan vir ons.<sup>6</sup>

God het dit nie net vir my gesê nie. Jesus gaan weer terugkom aarde toe. Daardie boodskap het in drome en visioene van Hemel en Hel gekom. Mense vra: “Hoe weet jy daar is 'n Hel as niemand dit nog ooit gesien het nie?” Ek het dit gesien. Ander vra: “Hoe weet ons daar is 'n Hemel as niemand dit nog ooit gesien het nie?” Ek het, en ek is seker baie ander wat vandag lewe, het ook al die Hemel gesien. Die Hemel is wonderlik,<sup>7</sup> en die Hel is aakliger as wat enigiemand hom kan indink of verklaar.<sup>8</sup> Daar is nie toepaslike woorde in enige taal om te verduidelik hoe aaklig die Hel is en hoe pragtig en wonderlik die Hemel is nie (1 Korintiërs 2:9). Dit is waarom God vir ons in 2 Timoteus 2:3-4 sê: “Dra jou deel van die ontberinge soos 'n goeie krygsman van Christus Jesus. 'n Krygsman in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie.”

Dinge in die wêreld is sleg en dit gaan nog erger word, maar in vergelyking met die Hel, is hierdie 'n Sondagskoolpiekniek. Om selfmoord te pleeg, is een van die domste dinge wat jy ooit kan doen. Party van ons kry swaar omdat ons opkom vir die Here, vir die Woord van God, maar miljoene ander kry swaar omdat hulle aan haatlike, vals gelowe behoort, of as gevolg van wat hulle begeer, alles wat hul oë sien en begeer en hul gesteldheid op besit. (1

Johannes 2:16). God sal ons nie toelaat om ons eie leerstelling te hê en te doen wat ons wil sonder om daarvoor te betaal nie.<sup>9</sup>

Hebreeërs 12:5-7, 9 lui: “Julle het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en beswyk nie as Hy jou tereg wys nie, want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem. Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie? ... Verder, ons het ons aardse vaders gehad wat ons getug het, en ons het vir hulle eerbied gehad. Sal ons ons nie nog des te meer aan die hemelse Vader onderwerp en lewe nie?”

Hebreeërs 12:13-15 lui: “en loop die reguit pad. Dan sal wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liever gesond gemaak word word. Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie. Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie.”

So baie mense is besmet en vervul met bitterheid. Dit is omdat God vir Satan toelaat om die ongoddelike mense te pynig in die hoop dat hulle tot bekering sal kom.<sup>10</sup> Onthou God laat dit toe, want Hy is lief vir ons en Hy wil hê ons moet berou hê oor ons ongehoorsaamheid aan Hom sodat ons die Hemel kan binnegaan in plaas van die Hel.<sup>11</sup>

Daar is net twee roetes wat mense hiermee kan volg. Een is om kwaad te wees vir God, om bitter te wees en uit te vaar teenoor Hom, en die ander is om ons te bekeer, vir God te vra om ons te vergewe en te verlos van die pyniging wat God die duiwel toegelaat het om vir ons te gee.

Openbaring 9:3-6 lui: “Toe het daar uit die rook sprinkane oor die aarde uitgeswerm. Aan hulle is dieselfde vermoë gegee as wat skerpioene op aarde het. Hulle is aangesê om nie die gras van die aarde, die plante en die bome kwaad aan te doen nie, maar net die mense wat nie die seël van



ALAMO BEDIENINGS AANLYN

www.alamoministries.com

4 Ps. 22:12-18, Jes. 53:3-12, Hand. 5:30-32, 13:38-39, Rom. 5:6-11, 1 Kor. 15:3-8, Ef. 1:3-12, Kol. 1:12-14, 1 Tess. 5:9-10, Heb. 2:9-10, 9:11-15, 1 Pet. 1:18-21, 2:21-25, 1 Joh. 2:2, Openb. 1:5 5 Joh. 3:14-18, Rom. 3:21-26, 2 Kor. 5:17-21, Heb. 4:14-15 6 Ef. 4:7-10, 1 Pet. 3:18-20 7 Ps. 31:19, Jes. 64:4, 65:17-19, Matt. 5:10-12, Joh. 14:2-4, Rom. 8:16-23, 1 Kor. 2:9, 2 Kor. 5:1, 1 Pet. 1:3-5, 2 Pet. 3:13-14, Openb. 7:15-17, 21:1-5, 9-27, 22:1-5 8 Deut. 32:21-22, Ps. 9:17, Spr. 9:13-18, 15:11, 24, 23:13-14, Jes. 5:11-15, 14:4-20, 28:15-18, 33:10-14, Eseg. 31:15-18, 32:17-32, Matt. 5:21-22, 29-30, 7:13, 8:12, 10:28, 13:36-42, 47-50, 18:6-9, 22:8-13, 23:33, 24:44-51, 25:14-46, Luk. 3:17, 13:24-28, 16:19-28, 2 Tess. 1:6-9, Heb. 6:4-8, 2 Pet. 2:1-9, Jud. 5-7, 12-13, Openb. 14:9-11, 19:20, 20:10-15, 21:8 9 Ps. 34:15-16, Matt. 7:13-19, 2 Pet. 2:1-6, 9-22, Jud. 3-7, 14-15, Openb. 20:11-15 10 Lev. 26:13-46, Deut. 8:2-5, Ps. 94:12-13, Hos. 5:15, Rom. 2:4-11, 1 Kor. 11:32, 2 Kor. 7:9-11 11 2 Sam. 7:14-15, Spr. 13:24, 19:18, 22:6, 15, 23:13-14, 29:15, 17, Heb. 12:5-11, Openb. 3:19



God op hulle voorkoppe het nie. Hulle is nie toegelaat om die mense dood te maak nie, maar wel om hulle vyf maande lank te pynig. Die pyn wat hulle veroorsaak, is soos die pyn wanneer 'n skerpioen 'n mens steek. In daardie tyd sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; hulle sal verlang om te sterwe, maar die dood sal vir hulle wegvlug." Vers 10 lui: "Hulle [die sprinkane] het sterfte met angels soos dié van skerpioene; en in hulle sterfte is hulle vermoë om die mense vyf maande lank skade aan te doen."

As kind was dit vir my 'n pyniging om 'n pak slae te kry met 'n neouthoutstok. Dit was destyds 'n pyniging, maar as jou Christenouers jou liefhet, sal hulle jou 'n pak slae gee wanneer jy dit nodig het, want hulle wil nie hê jy moet Hel toe gaan nie.<sup>12</sup>

Openbaring 9:6 handel oor mense wat gebid het om te sterf omdat hulle so erg

12 2 Sam. 7:14-15, Spr. 13:24, 19:18, 22:6, 15, 23:13-24, 29:15, 17, Heb. 12:5-11, Openb. 3:19

gepynig word, maar hulle kon die dood nie vind nie. Dink net hoe aaklig dit in die Hel moet wees as mense se siele bid om flou te word of dood te gaan, selfs al weet hulle verseker dat hulle nie flou kan word

of doodgaan nie. Die pyniging daar sal nie 'n biljoen keer nie, maar 'n triljoen keer erger wees as al die pyniging in die wêreld tesame.

(Vervolg op bladsy 4)

## Briewe aan Pastoor Alamo

### Indië

Dierbare, geliefde broer in Christus

Heilige groete aan jou, my geliefde pastoor Tony Alamo, en jou vriende, jou goedgesindes, jou kollegas by Alamo-bediening, jou kerk en almal, in die kosbaarste naam van ons Here en verlosser, Jesus Christus.

My dierbare, liefdevolle pastoor, ek het jou wonderlike literatuur en die Messiah-boek ontvang. Baie, baie dankie vir so baie van jou literatuur en die Messiah-boek vir my Evangelisasiewerk. Ons Here het ons verenig om die woord van waarheid na baie verafgeleë plekke te versprei. Daarom is ons gelukkig.

My liefdevolle pastoor, dit verheug my om vir jou te sê dat ons, nadat ons jou wonderlike literatuur ontvang het, 'n uitreik-evangelisasieveldtog in die landelike en agentskapgebiede (3 distrikte), naamlik 1. Visakhapatnam, 2. Vizianagaram en 3. Srikakulam in die Andhra Pradesh-staat gehou het. Ek en ons evangelisasiespan het goedgegunstiglik van huis tot huis besoek afgelê en die gebiede bedien en evangelisasieliteratuur versprei sodat mense kan weet van God se reddingsplan.

In die aand het ons evangelisasievergaderings gehou en die mag van God en Sy majesteit verkondig. Baie mense het Christus as hulle persoonlike verlosser aangeneem en met gespanne aandag na die evangelie van Christus geluister. Die kampvergaderings is gehou tot eer van ons Here.

My liefdevolle pastoor, stuur asseblief vir my gemeente heilige Bybels in die Telugu-taal. Bid asseblief vir my, my gesin, en my medewerkers. Ons het klein weeskind- en weduwee-tuisgemeentes en ons evangelisasiewerk. Ons almal hier bid vir jou, pastoor Tony Alamo, se gesondheid en jou bediening.

Ons wag vir jou goeie antwoord. Mag God julle almal seën.

Jou broer in Christus

Pastoor K.S. Manohar

Andhra Pradesh, Indië

### Nigerië

Wees gegroet in die Here Jesus Christus, broers en susters in Christus

God seën jou, Pastoor, vir jou Goddelike werk. Dankie dat jy ons uit die hand van Satan gered het. Baie mense word gered deur die lees van jou literatuur. God is met jou, want jy is die enigste pastoor wat God se woorde preek. Bid vir ons dat ons sterk sal staan in hierdie eindtyd wat ons in die gesig staar en vir my evangelisasiewerk wat ek in die dorpie en by skole doen. Stuur asseblief 'n paar duisend literatuurstukies.

Die uwe

Barnabas D. Jacob

Kaduna State, Nigerië

### Missouri

Liewe Tony Alamo Christelike Bediening

Ek bid vir goeie gesondheid vir elke broer en suster en dat niemand probleme het nie. Ek wil graag dankie sê vir al die hulp wat julle my gegee het. Ek geniet die literatuur wat julle gestuur het. Dit het baie van my vrae beantwoord en my gehelp om selfs nader aan God te kom. Ek ervaar Pastoor Alamo se lering kragtig en so waar. Ek weet hoe dit is om in die tronk te wees en my gebede is daar vir Pastoor Alamo. Mag God hom seën en binnekort vrylaat. Dit is 'n toets waarvan die Bybel in Openbaring 2:10-11 soort van praat. Ons weet Pastoor Alamo sal sy eie kroon van die lewe ontvang. Ons almal sal altyd gevangenes wees, maar gevangenes van die Here, soos daar in Efesiërs 4:1-3 van gepraat word.

Ek sien uit daarna om binnekort van julle te hoor en meer van die nuusbriewe en literatuur te ontvang.

Met die liefde van Jesus

Broer Joseph Gladstone

Farmington Gevangenis, Missouri

Ns. Ek kan nie wag om in lewende lywe saam met julle daar te wees nie.



Barnabas Jacob versprei literatuur by 'n skool, G.S.S. Jegindi

## SELFMOORD IS SONDE

(Vervolg vanaf bladsy 3)

So wat kan ons daaromtrent doen? Ons kan sekerlik nie daarvoor kla nie. Tel jou seëninge dat jy steeds lewe, nie in die Hel is nie, en in staat is om jou te bekeer. Tel jou baie seëninge. Tel hulle een vir een, en jy sal verstom wees oor wat die Here gedoen het.<sup>13</sup>

Om weer gebore te word uit die Heilige Gees, bid hierdie gebed, en leer dan die WOORD VAN GOD en dien GOD met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou krag.

My **HERE** en my **GOD**, wees my, sondaar, genadig.<sup>14</sup> Ek glo dat **JESUS CHRISTUS** die **SEUN** van die lewende **GOD** is.<sup>15</sup> Ek glo dat **HY** dood is aan die kruis en **SY** kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.<sup>16</sup> Ek glo dat **GOD JESUS** uit die dode opgewek het deur die krag van die **HEILIGE GEES**,<sup>17</sup> en dat **HY** op hierdie oomblik aan die regterhand van **GOD** sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.<sup>18</sup> Ek maak die deur van

my hart oop en ek nooi U in my hart in, **HERE JESUS**.<sup>19</sup> Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by **Golgota**.<sup>20</sup> U sal my nie wegwys nie, **HERE JESUS**; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U **WOORD**, die **Bybel**, sê so.<sup>21</sup> U **Woord** sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.<sup>22</sup> Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.<sup>23</sup> Ek dank U, **HERE JESUS**, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.<sup>24</sup>

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die **VADER** en die **SEUN** en die **HEILIGE GEES**.<sup>25</sup> Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse **Bybel** [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.<sup>26</sup>

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan hê verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer

inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat **JESUS** beveel, moet dan nie vir **GOD** beroof van **SY** tiendes en offerhandes nie. **GOD** het gesê, “Sal h mens werklik vir **GOD** beroof? Tog beroof julle **MY**. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle **MY** beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in **MY** huis [siele gered kan word], en toets **MY** hierin, so sê die **HERE**, **DIE ALMAGTIGE**. Toets **MY** of **EK** nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. **EK** sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die **HERE**, **DIE ALMAGTIGE**. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die **HERE VAN DIE LEËRSKARE**” (Mal.3:8-12).

13 Ps. 68:19, 103:2-18, Ef. 1:3-12, Kol. 3:15 14 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 15 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 16 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Openb. 5:9 17 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 18 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 19 1 Kor. 3:16, Openb. 3:20 20 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Openb. 1:5, 7:14 21 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 22 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 23 Heb. 11:6 24 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Openb. 7:14, 22:14 25 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 26 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Openb. 3:18

*Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.*

**Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA**

**24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362**

**www.alamoministries.com • info@alamoministries.com**

*Tony Alamo Christelike Bediening wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.*

**Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.**

**Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.**

**Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS**

**in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.**

*Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.*

*Al ons literatuur en oudioboodsappe is gratis, en sluit versending in.*

*As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.*

**HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).**

**MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.**

**Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:**

© Kopiereg Oktober 2012, 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer Oktober 2012, 2014